

## Hoekom God met jou stoei...

### Genesis 32:24 ABA

Hoekom sal God toelaat dat iemand met Hom stoei? Omdat stoei nabye kontak vereis. Jakob was 'n suksesvolle man met 'n onafhanklike houding wat gesê het: 'Ek het niemand behalwe myself nodig nie.' Hoe lank sal God met jou stoei? Net vir 'n beperkte tyd. In Jakob se geval was dit tot dagbreek toe. God het geweet dat indien Jakob nie daardie nag homself aan Hom onderwerp nie, die res van sy lewe verkeerd sou geloop het. Daar is 'n les wat ons almal hieruit kan leer. Moenie uitstel nie; jou tyd kan dalk onherroeplik verby gaan. Voor jy jou integriteit of jou familie en jou toekoms prysgee, stop eers en besef dat God dinge weet wat jy nie weet nie. Hy weet wanneer die Vyand sy volgende aanval gaan loods, of wanneer die dood jou gaan kom haal. Wanneer Hy met jou stoei, gebeur dit om jou te laat besef dat jy jou lewe vermors, of jou familie afskeep, of om jou te wys dat jy nie die middelpunt van die heelal is nie. Dit kan gebeur om jou aan te moedig om hierdie werk te hou sonder om te bedank, of om by hierdie kerk betrokke te bly, of om in hierdie huwelik te belê eerder as om tou op te gooi. God sal met jou stoei tot jy ophou verskonings maak en die waarheid in die gesig staar. God gee dit vir jou direk, Hy sal jou nie heuning om die mond smeer nie. Hy sal jou ook nie laat wegkom met sommige van die dinge wat jy in die verlede gedoen het nie! Die feit dat God bereid is om met jou te stoei sodat jy jouself aan Hom onderwerp, beteken dat Hy groot planne vir jou het. Planne wat groter is as wat jy ooit kon uitdink of verbeel. Dis hoekom God met jou stoei.

**Sielskos:** Jer 51-52; Luk 7:11-23; Ps 118:10-18; Spr 15:31-32

## Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding

- \*Bid vir Janine Vorster vir deurbraak in haar gesondheid
- \*Bid vir Lottie Conradie-kry baie swaar. Sy het MS
- \*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- \*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- \*Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid vd HERE
- \*Bid vir Ria Putter vir volkome genesing
- \*Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing vir sy voete
- \*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid vir Basie Roux vir volle genesing-het prostaatkanker
- \*Bid vir Suzette Fourie vir volle genesing
- \*Bid vir Hercules vd Merwe vir volle genesing
- \*Bid vir Gerda Jansen vir volkome herstel
- \*Bid vir Peet Els vir herstel na breinoperasie
- \*Bid vir Jacob Versveld-vir volle herstel na operasie
- \*Bid vir oom Brummer (Erika se pa) hy is in die hospitaal
- \*Bid vir Tannie Bets Coetzee-bid vir haar gemoedstoestand
- \*Bid vir Jaap Naude vir volle genesing
- \*Bid vir Myrtle Mans se ma-sy het geval en is in hospitaal
- \*Bid vir Rudolf Prinsloo se ma (Maud) vir volle genesing

U is goed, Here, U vergewe  
altyd weer, U is getrou  
teenoor dié wat na U roep  
om hulp.  
- Psa 86:5 ANV

## Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .  
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening  
Rekno.: 0520580654  
Takkode: 632005

## Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Wie nederig is, dien die  
Here en ontvang rykdom,  
eer en lewe.  
- Spr 22:4 ANV

## Gedagte vir die week

Al wat altyd sal bly,  
is **GELOOF**, hoop  
en **liefde**  
- hierdie drie.  
Maar die grootste hiervan  
bly steeds die **liefde!**

1 Korintiërs 13:13